# JESUS IS HERE OOR ALLES EN ALMAL !

## OMGEEGROEPE - 8 NOVEMBER TOT 14 NOVEMBER 2015

1. LIEF EN LEED – deel met mekaar lief en leed met die oog op voorbidding en bemoediging.
2. KOM TOT RUS IN GOD SE RUS EN TYD – raak rustig in God se teenwoordigheid en bid saam.
3. LUISTER NA GOD UIT SY WOORD – LEES KOLOSSENSE 1:11 – 20. Wat sê vers 13 vir jou oor die Koningskap van Christus? Vers 13 sê verder ons is uit die mag van die duisternis weggeruk! Wat beteken dit vir jou persoonlik? Wat beteken dit vir jou, dat God jou nou onder die heerskappy van Christus gestel het? Lees weer verse 15-20 saam en let spesifiek op na die mag van Jesus se posisie!
4. LUISTER NA MEKAAR EN DIE WêRELD – Paulus bid in vers 11 dat God aan ons alle sterkte sal gee om geduldig in alle omstandighede, hoe moeilik ookal, te volhard om as God se kinders te leef. Wat sou dit beteken in terme van die wêreld en omstandighede waarin ons lewe? Waarvoor moet ons vir God dankie sê, volgens vers 12? Wat maak jou bekommerd en bang wanneer jy met ander mense praat, en die media dophou? Wat sê die meeste mense met wie jy te doen het oor wat in die wêreld gebeur? LEES WEER verse 15-20! Hoe beskryf dit Christus se mag en posisie ten opsigte van die wêreld? Hoe kan jy op grond van verse 15-20 ander mense help om die regte perspektief te kry? Gesels saam daaroor.
5. LUISTER WEER NA DIE WOORD – Vers 11 vra sekere dinge van God? Kyk weer wat dit is. Vers 12 sê ons moet God dank! Kyk weer waarvoor. Vers 13 sê ons is onder nuwe heerskappy! Vers 14 sê wat ons status nou is. Wat is dit? En dan verse 15-20, wat beskryf Wie Hy is onder Wie se heerskappy ons nou is, en watter posisie Hy inneem in die totale heelal! ONTHOU: Jesus is Heer en Hoof oor alles en almal! Hy het heerskappy oor alle gesag en magte! Hy is Hoof van die ganse skepping, en die kerk! Hy is Koning oor alles! In Hom het God vrede kom herstel en alles met Hom versoen! Aanbid daarom Christus vir Wie Hy is, en ten opsigte van sy posisie wat Hy inneem! Watter troos en krag bied dit alles aan ons as gelowiges in die wêreld waarin ons leef? Ons kán inderdaad met geduld in alle omstandighede volhard, om as kinders van God te leef! (vers 11) Ons kán sonder vrees lewe! MOENIE BANG WEES NIE!
6. FOKUS OP WAT GOD DOEN – LEES WEER VERSE 12-14. Deel met mekaar wat God volgens hierdie verse doen.
7. ANTWOORD MET JOU LEWE – Wat gaan jy na aanleiding van vers 11 uitleef? Hoe gaan dankbaarheid in jou lewe verander, na aanleiding van vers 12? Hoe gaan jy die dikwels moeilike en soms baie dreigende wêreld tegemoetgaan met vers 13? Hoe gaan jy bevrydend leef volgens vers 14? Hoe gaan jy die versoening van God uitleef? (vers 20) Hoe gaan jy die vrede van God uitleef? (vers 20)
8. BID NOU SAAM – Dank God vir die afgelope Christelike kerkjaar wat nou met November ten einde gekom het. Desember begin die nuwe kerkjaar. Bid ook nou reeds daarvoor! Bid na aanleiding van bogenoemde bespreking dat God se koninkryk deur jou sal kom! Bid ook verder vir mekaar vir die fees-seisoen wat voorlê. Bid dat ons Christus waarlik sal eer vir Wie Hy is en die posisie wat Hy beklee !! Bid vir die ware Kersboodskap vir die wêreld!
   SOLI DEO GLORIA !